# GRENDELTYD LES: Helde van die Bybel 2

Hierdie les kan oor twee aande gedoen word.

## 1. INLEIDING:

Ons het die vorige keer na twee helde gekyk wat bang was, maar wat hulle nie daardeur laat keer het nie. Dit het gemaak dat hulle op God vertrou het, PRESIES wat God wil hê ons moet doen. Hierdie twee helde was Josua en Gideon gewees. Vanaand gaan ons na die volgende twee helde kyk.

Albei van hulle was Rigters gewees. Kom ek verduidelik gou vinnig weer wat 'n Rigter is. In die tyd van die Rigters het God self oor die volk Israel regeer, hulle het nie konings gehad nie. Die volk het vir jare goed aangegaan en gedoen wat God gesê het, dan op 'n dag het hulle weer afgode begin aanbid, en dan het God weer swaarkry oor hulle pad gestuur.

Wanneer DIT gebeur het, het God 'n Rigter opgerig / aangestel wat hulle dan, met God se hulp, gered het van hulle vyande.

## 2. Ysbreker: Battle of the sexes

Hierdie speletjies word as 'n kompetisie gespeel, dit sal natuurlik afhang van die geslag van die lede van die huisgesin. Dis veronderstel om manlik teenoor vroulik te wees, maar as ma die enigste vroulike geslag in die gesin is, of pa die enigste manlike kan julle self besluit HOE julle dit gaan doen. Hierdie ysbreker kan groot pret wees en julle kan self take uitdink wat die verskillende geslagte teen mekaar gaan doen.

Ons gaan gou twee ysbrekers doen om ons so ietsie van hierdie twee helde te vertel.

**2.1 Ysbreker 1**: Elke groep gaan 'n naald, garing, stukkie materiaal en 'n knoop kry. Ons gaan kyk watter groep kan die knoop die eerste vaswerk.

**2.2 Ysbreker 2**: Daar gaan 'n klomp swaar goed wees, en die kinders moet kom kyk wie die swaarste ding kan optel.

## 3. HELDE VAN DIE BYBEL

Ons lees nie in die Bybeldele van hierdie twee helde dat hulle bang was nie, maar wel iets buitengewoons oor albei.

Die een was 'n vroue Rigter gewees, die enigste waarvan ons weet. Haar naam was Debora gewees.

Die ander Rigter was die sterkste man in die Bybel waarvan ons weet. Wie weet wie hy was? Dis reg, Simson.

**Speletjie: Jesus gee jou krag:** Gaan sit in 'n sirkel. Pappa of mamma rol 'n bal na enige een in die sirkel. Die een wat die bal het, moet dan iets opnoem wat vir hulle moeilik is om te doen. (Dit kan enige iets wees soos bv swem, om 'n fiets te ry, tel, lees, skoenveters vasmaak, speelgoed deel, ens.) Almal in die sirkel sit moet nou vir daardie persoon sê: "Jesus gee jou krag om (vul in

wat vir daardie persoon moeilik is). Die persoon rol dan die bal na iemand anders in die sirkel en die speletjie word dan herhaal totdat elkeen ‘n beurt gehad het.

**Sê:** Ons gaan nou na Debora se storie luister en hoe God vir hulle krag gegee het om teen ‘n groot klomp mense te gaan baklei.

## Debora en Barak red die Israeliete van Jabin

Die Israeliete het weer verkeerde dinge begin doen. Daarom het die Here een van die konings van Kanaän gehelp om hulle te wen. Hy was Jabin en sy generaal se naam was Sisera. Jabin het vreeslik baie oorlogswaens gehad wat hy ‘n baie lang tyd teen die Israeliete gebruik het. Toe bid die Israeliete dat die Here hulle moet help. In daardie tyd was daar ‘n vroueregter in Israel. Haar naam was Debora. Die Here het vir haar ‘n boodskap gegee. Toe laat roep sy vir Barak en sê vir hom: “Die Here sê jy moet ‘n groot klomp soldate vat en teen Sisera gaan veg. Hy sal jou help om te wen.”

Barak sê toe vir Debora: “As jy saamgaan, sal ek gaan veg. Anders bly ek net hier.” Debora antwoord hom: “Ek sal saamgaan. Maar dan sal jy nie die eer hê om Sisera te wen nie. ‘n Vrou sal hom doodmaak.” Hulle het toe gaan oorlog maak. Sisera het al sy baie oorlogswaens en baie soldate gebring vir die geveg. Debora sê toe vir Barak: “Gaan veg! Die Here sal jou help.” In die geveg het Sisera se waens en sy soldate deurmekaargeraak. Hy self moes van sy wa afklim en weghardloop. Barak-hulle het al die ander soldate doodgemaak. Hy kom toe by die tent van ‘n vrou wie se naam Jael was. Sisera het gedink hy is veilig by haar, want hy en haar man was vriendelik met mekaar.

Jael het uit haar tent uitgekom en vir Sisera gesê: “Kom gou hiernatoe! Moenie bang wees nie. Kom kruip hier weg.” Hy gaan toe in haar tent in, en sy gooi hom toe met ‘n kombers. Hy sê vir haar: “Gee vir my ‘n bietjie water. Ek is so dors.” Toe gee sy vir hom melk om te drink. Hy sê toe nog vir haar: “Staan in jou tent se deur. As hier iemand kom wat vra: ‘ Is daar iemand by jou?, dan sê jy: ‘Nee!’

Maar Sisera het aan die slaap gemaak en toe hy nog so lê en slaap, het Jael hom doodgemaak. Toe Barak daar verbykom, gaan Jael uit en sê: “Kom kyk, hier is die man wat jy soek.” So het Barak dan vir Sisera dood op die grond gekry. Daardie dag het die Here die Israeliete gehelp om Jabin te wen. Van toe af het hulle hóm laat swaar kry, tot daar later niemand van sy mense oor was nie.

Verhaal geneem uit dieBybel@kinders.co.za, bl250-251, Redakteur Hennie Stander

Goed, nou gaan ons van die volgende Rigter leer – Simson.

Eers wil ek julle twee raaisels gee om op te los.

- Wat moet jy eers breek voordat jy dit kan gebruik? ‘n Eier.
- Wat het ‘n gesig en twee arms, maar geen bene nie? ‘n Horlosie.

Ons gaan nou die verhaal van Simson hoor en hoe hy ook op ‘n slag ‘n raaisel gebruik het.

**(Hierdie verhaal vertel jy met behulp van sakkies of boksies. Nommer die boksies/sakkies 1 tot 8. Maak seker dis groot genoeg om die items in te plaas wat by elke deel van die storie pas. Ingesluit is ook prentjies wat jy kan uitdruk indien jy nie die items het nie. Plaas al die sakkies/boksies op ‘n tafel en soos jy die storie vertel, haal die item of prentjie uit die ooreenkomstige sakkie/boksie of vra die kinders om jou te help om die items uit te haal)**

## Simson

Dit was nie lank nie, toe vergeet die Israeliete om die Here se gebooie te gehoorsaam. Hulle word toe die slawe van die Filistyne, hulle vyand. God – wat oneindig goed is – wou weereens Sy volk help.

**Sakkie 1 – Engel:** Eendag verskyn 'n engel aan 'n Israelitiese vrou en sê vir haar dat sy 'n seun gaan hê. "Hy sal sterk wees en hy sal die Israeliete begin red uit die mag van die Filistyne. Onthou om nooit sy hare af te skeer nie, want dit is 'n teken dat hy aan God behoort."

Die vrou en haar man noem toe die babatjie Simson. Simson het groot geword.

Op 'n keer het Simson in die dorp Timna gekom. Hy het daar 'n meisie gesien van wie hy gehou het. Toe gaan hy na sy ma en pa toe en sê vir hulle: "Ek het 'n Filistynse meisie gesien. Praat asseblief met haar pa en sê ek wil met haar trou."

**Sakkie 2 – Leeu:** Simson is toe saam met sy pa en ma na die dorp Timna toe. Toe hulle naby die dorp kom, het 'n sterk leeu hulle skielik bestorm. Die Heilige Gees het Simson gehelp. Hy het die leeu doodgemaak sonder dat hy eers 'n mes of iets gehad het nie. Sy pa-hulle het ook nie eens geweet hulle was amper dood nie. Hulle het toe met die meisie gaan praat. Sy het gesê dis reg, sy sal met Simson trou. Daarna is hulle weer huis toe.

**Sakkie 3 – Ring:** 'n Maand of wat later, het Simson vir sy meisie gaan kuier. Hy draai toe af om na die dooie leeu te gaan kyk. Intussen het bye in die leeu se geraamte begin nesmaak. Daar was al 'n hele klomp heuning wat hulle gemaak het. Simson het die heuning uitgehaal en daarvan geëet. Simson en die meisie is later getroud. Hulle het sewe dae lank partytjie gehou. Daardie tyd was die onthaal vir 'n troue so lank. Daar was 30 Filistynse mans wat troue toe gekom het. Simson sê toe vir hulle: "Ek het vir julle 'n raaisel. As julle binne een week reg kan raai, sal ek vir julle elkeen 'n broek en 'n hemp gee, maar as julle dit nie reg kan raai nie, moet julle elkeen vir my 'n broek en 'n hemp gee." Die Filistyne sê toe: "Dit is reg. Gee maar jou raaisel." Simson sê: "Daar het kos gekom uit iets wat altyd eet, soet goed uit iets wat baie sterk is."

**Sakkie 4 – Hemp of broek wat jy vir 'n pop sou aantrek:** Hulle het 3 dae lank probeer, maar kon nie die antwoord kry nie. Op die vierde dag doen hulle toe 'n verkeerde ding. Hulle gaan sê vir Simson se vrou: "Praat jou man om om vir ons te sê wat die raaisel se antwoord is. Anders brand ons jou pa se huis af!" Simson se vrou het toe by hom gaan huil. Sy het gekerm tot hy dit nie meer kon hou nie. Hy gee toe vir haar die antwoord. Op die laaste dag van die fees, net voor die sewe dae om was, kom die Filistyne na Simson toe en sê: "Die soetste ding waaraan ons kan dink, is heuning en die sterkste ding 'n leeu. So, dit moet heuning wees wat uit 'n leeu kom." Simson antwoord toe: "As julle nie met my vrou gekonkel het nie, sou julle dit nie geweet het nie!" Toe gaan Simson na 'n ander dorp van die Filistyne toe. Die Heilige Gees het hom sterk gemaak. Hy het daar 30 Filistyne doodgemaak en hulle klere gevat. Dit het hy vir die 30 gaste gaan gee. Maar hy was woedend en is terug na sy pa-hulle toe. Sy skoonpa het toe sy vrou vir iemand ander gegee om mee te trou.

**Sakkie 5 – Vuurhoutjie: '**n Ruk later wou Simson vir sy vrou gaan kuier, maar toe hy daar kom, hoor hy sy skoonpa het haar met 'n ander man laat trou. Toe sê Simson: "Hierdie keer is dit nie my skuld as ek iets aan julle doen nie." Hy het 'n klomp jakkalse gaan vang en hulle sterte twee-twee aanmekaar vasgemaak. Tussen elke 2 sterte het hy 'n fakkel gebind en aan die brand gesteek. Die jakkalse het gehardloop en die Filistyne se koringlande, druiwebome en olyfbome het afgebrand! Nou was al die Filistyne baie kwaad vir Simson.

**Sakkie 6 – Donkie:** Die Filistyne was kwaad en het Simson by die Israeliete gaan soek. Die Israeliete was bang vir die Filistyne, want hulle was die base. Hulle kom toe by Simson en bind hom vas met nuwe toue en gee hom vir die Filistyne. Die Gees van God het vir Simson so sterk

gemaak dat hy die toue soos garingdrade kon breek. Hy het toe ‘n donkie se kakebeen opgetel en sommer ‘n duisend Filistyne daarmee doodgeslaan.

**Sakkie 7 – Geld:** Simson het weer op ‘n Filistynse meisie verlief geraak. Haar naam was Delila. Die leiers van die Filistyne het na haar toe gekom. Hulle het vir haar gesê: “Vind bietjie vir ons uit hoekom Simson so sterk is. Ons wil weet hoe ons hom kan vasmaak. As jy dit doen, sal ons jou baie, baie geld gee.” Delila het vir Simson gevra: “Sê my tog, hoekom is jy so sterk? Waarmee kan ‘n mens jou vasmaak?” Simson sê: “As iemand my vasmaak met sewe senings van ‘n dier wat hulle nou net geslag, sal ek nie kan loskom nie.” Die leiers bring toe vir Delila sewe nat senings om Simson mee vas te bind, maar toe sy roep: “Simson, die Filistyne is hier,” ruk hy los en die senings breek asof dit ‘n garingdraad is. Delila het weer gevra: “Sê my tog, hoekom is jy so sterk? Waarmee kan ‘n mens jou vasmaak?” Dié keer het Simson geantwoord: “As jy my vasbind met nuwe toue wat nog nooit gebruik was nie, sal ek swak wees.” Maar dit het weer nie gewerk nie. Delila het natuurlik gekerm en gesê: “Jy het vir my gejok. Praat tog nou die waarheid.” Simson het geantwoord: “Eintlik moet jy my sewe vlegsels saam met wol in ‘n mat invleg. Dan sal ek swak wees.” Sy het dit gedoen terwyl hy slaap, maar toe sy hom wakker maak, het hy sy hare en die wol losgeruk en die weefmasjien gebreek. Delila het vreeslik gekerm. Sy het Simson beskuldig dat hy haar nie liefhet of vertrou nie. Hy wou later gek word van al die gekerm. Toe vertel hy haar alles.

**Sakkie 8 – Hare:** “Ek behoort spesiaal aan die Here. Dit is hoekom my hare en my baard nog nooit geskeer is nie. Dit is die teken dat ek aan die Here behoort. As iemand my hare afsny, sal ek soos ‘n gewone mens wees.

Delila het geweet hy praat nou die waarheid en sy het die Filistynse leiers gaan vertel. Toe Simson slaap, het iemand sy hare afgesny en God se krag het hom verlaat. Hierdie keer toe Delila skree: “Simson, Simson, die Filistyne is hier!” kon hy niks doen nie. Die Filistyne het hom met koperkettings vasgebind en sy oë uitgesteek. Hulle het hom in die tronk gegooi. Maar sy hare het weer begin groei.

Die Filistyne het ‘n groot fees in hulle afgod se tempel gehou. Hulle was bly dat hulle vir Simson oorwin het. Hulle laat toe vir Simson uit die tronk haal om hom te spot. Hy moes in die middel van die tempel gaan staan. Daar was 2 dik pilare waarop die tempel se dak gerus het. Simson het vir die man wat hom uit die tronk gebring het, gevra: “Laat my teen die pilare in die middel leun.” Simson het sy arms om die pilare gesit en gebid: “Ag Here, help my net nog hierdie een keer. Ek wil die Filistyne straf.” In die tronk het Simson se hare weer begin groei en met die krag van God het hy die pilare omgetrek. Die hele tempel het inmekaargeval. Simson en al die Filistyne wat daar was, is dood.

Verhaal geneem uit dieBybel@kinders.co.za, bl263-267, Redakteur Hennie Stander

**Simson: Prente vir die sakkies as jy nie die items kan kry nie**











